# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Wees oorvloedig in goeie werke

**Skriflesing**:
2 Korintiërs 9:1-15 (2020)

**Teksvers**:
2 Korintiërs 9:9-11

**Sing**:
Ps 66:1,7
Sb 12-2:1
Ps 86:3, 6
Ps 112:1, 4, 5, 7, 9
Ps 90:3, 7, 9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

In baie opsigte word geluk vandag bepaal deur dit wat jy ontvang. Mense oor die algemeen is onder die indruk dat besittings, geld en goed 'n mens sal gelukkig maak. In hierdie hoofstuk leer die Heilige Gees ons deur die apostel, dat dit inderwaarheid die teendeel is. Om te gee bring vreugde. Soos Jesus ook eenmaal sou opmerk: Dit is saliger om te gee as om te ontvang.

Soos ons verlede week uit hoofstuk 8 gehoor het, gaan dit oor die gesindheid waarmee gegee word, baie meer as die hoeveelheid. So was daar reeds in die eerste brief melding gemaak van 'n kollekte vir die gelowiges in Jerusalem. Paulus het geroem oor die Korintiërs se vrygewigheid al het hulle nie baie nie. Nou kom hy die kollekte haal en stuur Titus vooruit sodat hulle nie onverhoeds betrap word nie. Ons staan vanoggend stil by die gevolge van 'n gesindheid van seën met die aansporing dat hulle oorvloedig sal wees in goeie werke.

**SONDAGAAND 18:00**

## DIE SESDE GEBOD: LIEFDELOOSHEID IS MOORD

**Skriflesing:**
Genesis 4 (1983)
Heb 12:24
Ef 4:26

**Teksvers**:
Genesis 4:6-9

**HK**: Sondag 40

**Sing**:
Ps 139:1, 6, 7, 8, 9
Ps 71:1,9,11
Ps 133:1, 2
Ps 63:3, 4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die geweld van moord en doodslag het deel van ons alledaagse lewe geword. Padwoede en motorkapings, plaasmoorde en gesinsgeweld, dreigemente en wraakgedagtes, gewapende roof en nog veel meer is so alledaags dat ons byna gewoond geraak het daaraan. Maar dit is alles tekens dat die een die ander nie meer die lewe gun nie. Dit lei maklik ook tot 'n selfsugtige soeke na eie bestaan selfs al is dit ten koste van die ander.

Die sesde gebod roep na nuwe harte, wat aangevuur word deur die liefde van Christus wat sy lewe opoffer vir ons as sondaars. Want die liefde verdra en glo en hoop. Dit is die liefde wat deur die geloof tot dade oorgaan!

Waar is jou broer? Waar is jou suster? Is jy ook jou broer se wagter?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 49 Nr 13 28 April 2024**


## Eer God en geniet Hom vir altyd

Elkeen van ons ervaar hoe lewensomstandighede bykans daagliks al hoe moeiliker word en kan nie regtig by die pas hou van hoe vinnig dinge beweeg nie. Sedert ons gesin se aankoms in die gemeente einde 2019 het so baie dinge verander. Ek onthou baie goed hoe ek deur leë strate gery het oppad na die hospitaal en my vrou, omtrent soos Raponsie, van bo uit die venster, hier van onder in die parkeer area toegewuif het.

Die vraag op my gemoed wat gedurigdeur oor en oor deur my gedagtes maal, is dit: *wat het in my verander*? Behalwe al die vrese wat oorkom moes word en die al die uitdagings wat ons te bowe moes kom, wonder ek steeds of ons regtig verander het. Of ons werklik iets geleer het.

So maklik vergeet ons al die lesse van die verlede. So maklik keer ons terug na die ou weë wat ons laat verdwaal in die sorge van die lewe. Dan het ons as te ware armer geword en die waarde van ons ervaringe verloor. Die gevolg is dat ons ophou om te lewe en net probeer oorleef. Ons is so haastig besig na die volgende "*betaaldag*" uit te sien, dat ons al die mooi van elke dag miskyk.

Dit laat my dink aan die eerste vraag en antwoord van die Westminster belydenis.

*Q. 1. What is the chief and highest end of man?*
*A. Man's chief and highest end is to glorify God, and fully to enjoy him forever.*

Hierdie vraag herinner my telkens om verby die goed van die Vader te kyk, en die Vader self raak te sien. Ons is so geneig om ons lewensdoel op onsself te betrek, en te vergeet dat ons doel, ons hoogste doel en heerlikste taak is om vreugde in God te vind. Om ons lewe elke dag te leef tot eer van God.

Dat ons sal ophou jaag verby die goedheid van God om 'n oomblik stil te word en God self te geniet en ons vreugde en vrede in Hom te vind.

'n Prediker na wie ek onlangs geluister het, het opgemerk, dat die hoofsaak van 'n huwelik kommunikasie is. As 'n man en vrou ophou om met mekaar te praat, kom daar probleme. Hoeveel te meer as ons as bruid nie meer tyd maak om te luister na ons Bruidegom, of selfs nog meer, dat ons nie met die bruidegom praat (bid) nie. Nie om die inkopielys van ons begeertes en probleme oor te dra nie, maar om ons vreugde in God en in die heerlikheid van sy genade te deel.

Wat is jou hoogste ambisie in die lewe? Wat is jou lewensdoel? Waarna streef jy en wat is die eindpunt wat jy wil bereik?

Laat dit wees om God te eer en Hom vir altyd te geniet.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure: **Ma-Do** 08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

**Die nuwe lewe in Christus!**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

------------------------------

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Geen Volgende week: Les 10, Ps 81:12

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Rut, Ps 100 Volgende week: Dawid wag om koning te wees, Ps 100

| **KOLLEKTES** | | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Vandag**: Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag**: Mukhanyo AO** (by die deure) | |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Sustentasiefonds** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



# Bybelskool van Centurion 2024

**bied aan**

# Bybelse plekke en hul name

*Ds Maarten neem ons op 'n virtuele toer*
***Begindatum: 7 Mei 2024***
***Almal welkom***

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton

**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30

**Koste**: R100 pp vir nuwe inskrywings
Gratis vir mense wat die Februarie/Maart 2024 reeks bygewoon het

**Aanbieder**: Ds Maarten van Helden
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 082 772 7718




Bring 'n serp en 'n kniekombers en kom kuier
peusel-peusel saam om 'n bosveldvuur.
**25 Mei 2024**
**16:00**
**R100pp en 'n sakkie hout per gesin**
(Voorskoolse- en Laerskoolkinders gratis)
Sit jou naam op die lys onder die Olyfboom na die oggenddiens en betaal kontant of betaal elektronies: *GK Centurion Susters*
*ABSA Lyttelton*
*600 340 417*
*Verwysing: Olyf + Naam*
Bring eie drinkgoed, koppie en nageregbakkie.
Indien jy 'n vuurherd het wat ons kan leen, kontak Lené 060 542 1769

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgings fasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Mei 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **29 April 2024**

---

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur –** herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u, die verkoper, se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

**Belasting Konsultant.** Individue, Besighede en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax @gmail.com

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitekwerk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en opdatering van bestaande onvolledige planne insluitend Stadsraad goedkeurings.

## Wyse Gryses

Maandag **6 Mei** 2024

om **10:00**

in die kerksaal

Ds. Arie Stavast gaan ons vertel hoe die Koningskindersgroep ontstaan het o.l.v. sy pa, ds. Lammert Stavast.

Ds. Lourens Venter gaan ook terugvoer gee van die afgelope Koningskinder-kamp.

Almal hartlik welkom!



## Verjaarsdae
### Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Apr | Johan | du Plooy | B10 | 27836191385 |
| | Hendri | vd Walt | A13 | 27812882883 |
| 29-Apr | Judy | Trichardt | A04 | 27832781005 |
| | Carol | v Seventer | B14 | 27845804993 |
| | Jeanette | Wiid | B07 | 27721494678 |
| 30-Apr | Tineke | vd Walt | C07 | 27662008115 |
| | Wally | Wallace | B16 | 27715783625 |
| 1 Mei | Juanita | Gerber | C14 | 27827227097 |
| | Petro | Krynauw | B13 | 27845796289 |
| 2 Mei | José | Coelho | A04 | 27823247907 |
| | Nadia | Horak | B12 | 27637757061 |
| | Hanneke | Kruger | B15 | 27824932413 |
| 3 Mei | Carla | Hugo | B15 | 27609969137 |
| | Yolanda | Loots | A08 | 27612662161 |
| 4 Mei | Marie | Kruger | B08 | 27828729067 |
| | Saartjie | Viljoen | A06 | 27837787870 |

### Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Apr | Lucian | Rousseau | B12 | 27849523386 |
| 30-Apr | Jacomy | Aucamp | A07 | 27731640713 |
| | Leenandri | Wattel | A12 | 27824154611 |
| 3 Mei | Anieke | Venter | B17 | 27728007454 |
| 4 Mei | Marnu | Nel | B01 | 27828800797 |
| | Dian | Reynecke | C08 | 27832559900 |

## Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Thea Smit sterk tuis aan na operasie (A14—651 1789).
- Ria Stoker sterk aan in Unitas Hospitaal na 'n val (B7—072 041 0840).
- Theo Westervelt sterk aan na 'n prosedure (C9—667 1506).
- Elmarie vd Walt se gesondheid is nie na wense, sy is tans in Unitas Hospitaal (C3—664 2553).
- Klein Marcus Jv Rensburg sterk aan in Midstream hospitaal (C15—084 813 1520).
- Hester Enslin se gesondheid is nie na wense, sy sterk aan in Unitas Hospitaal (C2—063 624 9255).
- **Meelewing** word betuig Bennie en Amanda Kotze en familie na die afsterwe van Bennie se moeder.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

- Riaan Wattel wat gedurende die week sy Meestersgraad in Teologie ontvang het.
- Erik en Tineke vd Walt wat gister in die huwelik bevestig is.

## Hemelvaart

**9 Mei 2024**

**06:00** Morning Devotion - ds Maarten

**19:00** Gesamentlike aanddiens—ds Lourens

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: 2 Cor 9:1-15
Rev Lourens Venter

## Dopperspele

**11 Mei 2024**

**te Waverley (Dirk Postma)**

Dit is weer tyd vir die wêreld-kampioenskappe vir Doppersportvernuf.

Kom deel in die versterking van ons geloofsgemeenskap saam met ander gelowiges en gemeentes op 'n informele en prettige wyse!

Maak seker as jy deelneem, dat jy deel vorm van die Dopperspele whatsapp groep.

Daar is 'n aanlyn google-vorm uitgestuur wat ingevul kan word alternatief voltooi og vorm indien jy wil deel wees van die span en handig in by kerkkantoor of stuur per whatsapp vir Drikus vd Walt 060 569 2608.

Span bespreking sal Sondag 5 Mei na oggend-erediens geskied.

### DOPPERSPELE DEELNAMEVORM

Naam en Van: ______________________________

Kontaknr: ______________________________

Epos adres: ______________________________

**Merk deelname met X**

| | |
|---|---|
| | JUKSKEI : 4 Spelers per span |
| | TAFELTENNIS: 2 Spelers per span |
| | TOUTREK: 6 trekkers per span |
| | VEERPYLTJIES: 2 Spelers per span |
| | VINGERBORD : 2 Spelers per span |
| | POEL: 2 Spelers per span |
| | RINGTENNIS: 2 Spelers per span |
| | VLUGBAL: 6 Spelers per span |
| | PLUIMBAL: 2 Spelers per span |
| | BOULES: 2 Spelers per span |



CARLSRUHE

## PA-SEUN EN PA-DOGTER JAGNAWEEK

17-19 Mei

Jagplaas is net duskant Cullinan

**Pryse:** R 590 pp/n,

kinders 0/12 is R350 pp/n.

Slegs jagters betaal add R250 vir geriewe.

Daar is nog 'n paar plekke oop.

Navrae: ds. Lourens 082 5292 330

Werni Grünenfelder 071 491 0797

## *Mootlite 2024 (Gr 5-9)*

*30 Jun - 5 Jul*

*Thaba Morula Kampterrein*

R950pp

Ons sien uit daarna om so veel as moontlik van julle hierdie jaar saam met ons op die kamp te hê.

As daar enige 18-25 jariges is wat ons wil help as groepleiers, kan julle gerus vir Ds Lohan Linde kontak.

Die skakel vir inskrywings is: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc3SHix-q3P0mHEhUcNRYLKQ-a0f0MxLPUnLhtge8WI48IUDQ/viewform?usp=sharing

Navrae ds Lohan Linde 0847875119

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**28 Apr**

| | |
|---|---|
| Annelette Gentle | B10 |
| Gerti Erasmus | C14 |
| Christi Venter | C12 |
| **5 Mei** | |
| Rika Pretorius | C12 |
| Lourette vd Berg | B9 |
| Rene Erasmus | C5 |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.



## Kinderaksie 10 Mei

Besonderhede volg volgende week!!